# Deleen Wilcox neé Maré



Ek het na skool by TUKS Maatskaplike Werk gaan studeer. Ek het by Kindersorg, die Jakaranda Kinderhuis en later ook by die CMR gewerk. In 1999 is ek met Hillegert Wilcocks getroud, hy het toe reeds 3 seuns gehad. Hy is 'n ingenieur. Ons het saam 2 dogters. Ons oudste is 24, sy is 'n kleuterskool onderwyseres. Ons jongste is 21, sy studeer Data Wetenskap in Stellenbosch. 'n Heerlike gesellige spul saam.



In 2022 moes ek en my man na Europa verhuis vir sy werk. Ons was 2 jaar in Denemarke, daarna ‘n jaar in Frankryk en nou is ons in Nederland. Hopelik is dit ons laaste skuif totdat ons terugkom na SA waar ons familie steeds is.

Geniet die reünie, en kuier lekker saam.

Groete

Deleen